UMOYA ENERGY
Empowered by Nature

OKTOBER 2019
NUUSBRIEF

NUWE SPEELGROEPE **GESTIG**

Die nuwe speelgroepe in Hopefield en Koperfontein was tot dusvêr baie suksesvol en gaan voort om goeie werk te doen. Die program is so suksesvol dat vier nuwe speelgroepe in die gemeenskappe van Middelpos en Witteklip gestig sal word as deel van Umoya Energy se vroeëkinderontwikkelingsprogram.

Speelgroep-leiers ontvang voortdurende ondersteuning en mentorskap om hul opleiding aan te vul. Dit help hulle om jong kinders se selfvertroue te verbeter en hulle ryp te maak vir skool.

Die program sluit die volgende in: Oorbrugging van die gaping: NKF (Nasionale Kwalifkasie Raamwerk) en CAPS (Kurrikulum- en Assesseringsbeleid Verklaring) en vroeëkinderontwikkeling-hulpronne vir ASB (aanlegtoets vir skoolbeginners).

Speelgroepleiers ontvang verdere opleiding in Hopefield sodat hulle kinders se selfvertroue kan verbeter en hulle gereed kan maak vir skool.

VEELS GELUK AAN HOPEFIELD PRIMÊR SE **SUID-AFRIKAANSE LANDLOOPKAMPIOENE**

Umoya Energy wil graag Queeny Papier, Zumera Makka en Cleo Papier van Hopefield Primêr gelukwens met hul deelname aan die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskap.

Die leerlinge het die Wes-Kaap in dié interprovinsiale kompetisie in Mpumalanga verteenwoordig. Zumera Makka het die o.15-kampioenskapstitel verower.

Umoya Energy het bygedra tot die atlete se klere, vervoer en verblyf.

ONDERSTEUNING AAN **PLAASLIKE ONDERNEMINGS**

Tien plaaslike entrepreneurs het 'n drie maande transformasieprogram met die Saldanhabaai-ondernemingsontwikkelingsprojek, in vennootskap met TrioPlus Development voltooi.

Die program het modules oor entrepreneurskap, bemarking, marknavorsing en die ontwikkeling van 'n aksieplan ingesluit.

Die terugvoering was ontsettend positief met entrepreneurs wat reeds die kennis wat hulle opgedoen het gebruik om hul ondernemings uit te brei.

***Katrina Jeremiah,** eienaar van Shalom Baking: "Die opleiding wat ons tot dusvêr ontvang het, was 'n ongelooflike avontuur, veral die module oor bemarking. Ek is opgewonde oor die module oor finansies waarop ons volgende gaan fokus."*

Katrina Jeremiah, eienaar van Shalom Baking, met haar nuwe bemarkingsmateriaal

MANDELADAG-PRET BY **HOLVLEI PRIMÊRE SKOOL**

Tracey, 'n leerling wat 'n veldtog begin het om sanitêre doekies vir behoeftige leerlinge in te samel, deel die doekies by Holvlei Primêre Skool uit.

Die Umoya Energy-span het ter viering van Mandela se nalatenskap leerlinge by Holvlei Primêre Skool gehelp. Rugsakke, boeke en skryfbehoeftes is aan skoolkinders uitgedeel en Umoya Energy se span het 'n maaltyd vir die skool voorberei. Tracey-Lee Julies, 'n leerling van Hopefield Primêre Skool wat 'n veldtog begin het om sanitêre doekies vir behoeftige leerlinge in te samel, was ook daar om sanitêre doekies uit te deel.

WELKOM AAN UMOYA ENERGY **SE NUWE INTERN**

Welkom aan Tamlyn Lewis, wat pas by Umoya Energy se span aangesluit het as deel van ons internskapprogram vir die jeug. Tamlyn sal by ons plaaslike kantoor in Hopefield werk waar sy werksondervinding en kennis sal opdoen .

Tamlyn Lewis

"Ek is dankbaar vir die geleentheid om by Umoya Energy te werk as intern. Ek glo geleenthede kom na dié wat aksie neem en vir geleenthede soek."

2019 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Die volgende Gemeenskapsvergadering sal Donderdag 28 November 2019 gehou word.

KWARTAALLIKSE **ONTLEDING**

KWARTAAL 3/2019
Besteding op projekte

- Maatskaplike Welsyn
- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys



Umoya Energy Plaaslike Kantoor
26 Voortrekkerstraat, Hopefield

Kantoorure:
Maandag – Donderdag: 08:00 – 17:00
Vrydag: 08:00 – 14:00

Tel: +27 22 723 0022

Skakelbeampte
Amber Zeeman
amber.zeeman@umoyaenergy.co.za